SAKE 24 (Volksblad), Saterdag
14 Apr 2012, p.11

Onttrekkings by kitsbanke neem toe in Maart

Verlede maand is effens meer geld by kitsbanke onttrek as in Februarie vanjaar.

Dit was ook die grootste onttrekking in Maart die afgelope ses jaar.

Die Spark-kontantindeks, wat die gemiddelde waarde van kontantonttrekkings by 1 500 kitsbanke landwyd meet, het met 1,46% op 'n maandgrondslag tot R417,92 per transaksie gestyg en op 'n jaargrondslag met 3,54%, volgens Spark ATM Systems.

Mpumalanga was die provinsie met die grootste gemiddelde kontantonttrekking, R448,93, gevolg deur Limpopo (R444,85) en die Oos-Kaap (R429,40).

Die gemiddelde waarde van kontantonttrekkings was die grootste by kitsbanke by groothandelaars, gevolg deur dié by vulstasies.

Volgens mnr. Marc Sternberg, besturende direkteur van Spark, is die geleidelike toename in verbruikersbesteding in ooreenstemming met onlangse data van die Reserwebank.

Hiervolgens het huishoudings se besteding van 3,80% in die derde kwartaal van verlede jaar gegroei tot 4,60% in die vierde kwartaal en hul besteebare inkomste van 3,90% tot 4,70%.

– Niel Joubert